
Johan Claassen Broers
(EDMS.) BPK.
Telefoon 3612
POTCHEFSTROOM
MANS-, SPORT- EN KINDERUITRUSTERS

die WAPAD

Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

JAARGANG XXIII | DINSDAG 3 SEPTEMBER 1968 | No. 18

A. VORSTER APTEEK
Octron-gebou,
Lombardstraat.
VIR VINNIGE AFLEWERING
SKAKEL 7074.



So sien ons spotprenttekenaar, Lood Dercksen, more se verkiesing.

STUDENTERAAD WORD MORE VERKIES

MORE gaan die Pukke na die stembus om sestien lede van die Studenteraad vir die termyn 1968—69 aan te wys. Vir hierdie sestien vakante poste stel altesaam nege-en-twintig kandidate hulleself beskikbaar.

Die sestien lede wat aangewys moet word, is die voorsitter en drie verteenwoordigers elk van Korps, die P.N.B., die A.O.B., die S.S.B. en die A.B.K.K.

VOORSITTER

Vir die pos van voorsitter stel drie kandidate, kragtens die konstitusie almal studenteraadslede, hulself beskikbaar. Hulle is mnre. Callie Coetzee, Jan-At Kruger, en Neels Smit.

Die hoofliggaam wat die meeste kandidate het, is die S.S.B. met nege. Tweede op die lys is die A.O.B. en A.B.K.K., elk met sewe. Vir Studenteraadsverteenwoordigers van Korps en die P.N.B. stel vyf kandidate elk hul beskikbaar.

Slegs een studenteraadslid, mnr. Neels Smit, is weer beskikbaar vir die pos wat hy tans beklee, nl. S.R.-verteenwoordiger van die A.O.B.

DAMES

Ses dames tel onder die kandidate vir die verskillende poste.

Die sewentiende lid van die S.R., die penningmeester, sal waarskynlik Donderdag op 'n vergadering van die koukus aangewys word.

UITSLAG

'n Woordvoerder van die verkiesingskomitee het aan Die Wapad gesê dat hulle verwag om tussen nege- en tienuur Woensdagaand die uitslag van die verkiesing bekend te maak.

Op bladsy 3 en 4 van hierdie uitgawe verskyn beonderhede en fotos van die verskillende kandidate, asook besonderhede oor hoe, waar en wanneer gestem kan word.

VORDERING VIR R.S.A. MET PROJEKTIELE, SE MINISTER

„Suid-Afrika het groot vordering gemaak in verband met navorsing oor en die ontwikkeling van projektiele wat bydra tot die veiligheid van ons staat", het sy edele mnr. P. W. Botha, minister van Verdediging Vrydagmiddag, 23 Augustus op die simposium oor Internasionale Politiek in die Totiussaal gesê.

Die minister het ook daarop gewys dat die knyptangbewegings wat deur Rusland en China toegepas word duidelik daarop gemik is om beheer oor die Kaapse see-roete te verkry wat uit ekonomiese oogpunt gesien gewis in die toekoms die skakel tussen Europa en die oliebronne van die Midde-Ooste sal bly.

O.A.E.

Die onkonvensionele aanslag teen Suid-Afrika staan in die teken van 'n Kommunistiese rewolusionêre oorlog en dit sluit aan by die strewe van die O.A.E. om die blanke in Suidelike Afrika te verdelg. Die Kommunisme wil sy invloed in Afrika laat seëvier en om Suid-Afrika as „sleutelgebied" in sy aanslag teen Amerika te bekom, het mnr. Botha gesê.

„Die konvensionele dreigement mag nie onmiddellik wees nie, maar dit kan verhaas word deur eskalasie van onkonvensionele pogings of ineenstorting van die Noordelike buurstate," het die minister gesê.

Verder het mnr. Botha verklaar dat die veilige bewaring van Suid-Afrika se militêre en strategiese posisie lank nie meer die taak van net een staatsdepartement is nie maar dit is die verantwoordelikheid van alle vaderlandsliewende Suid-Afrikaners geword het, en die hoop uitgespreek dat die gedagte by die publiek sal posvat.

TERRORISME

Al die gebeure in die wêreld dui daarop dat die Derde Wêreldoorlog nooit verklaar sal word nie maar dat dit reeds begin het in die vorm van terrorisme en guerilla-oorlogvoering, het die minister gesê.

Die minister het hierdie referaat voor vierhonderd-en-vyftig afgevaardigdes en 'n hele aantal studente gelewer.

BLANKES MOET SY MAG EVALUEER: GELEERDE

„Die eis van geleerdes en die Verenigde Volke is dat die blanke minderheid in Suid-Afrika hul mag moet evalueer", het dr. Dennis Worrall, van die Staatsleer-departement van Unisa en bekende deskundige op dié gebied, op 'n onlangse PNB-vergadering gesê.

Dr. Worrall het as spreker opgetree en 'n referaat gelewer oor: die uitwaartse beweging van Suid-Afrika met behoud van waardes. Hy het op 'n eenvoudige manier die Suid-Afrikaanse politiek en die internasionale omgewing na die Tweede Wêreldoorlog geanaliseer, en gewys op die veranderinge in ons huishoudelike omgewing.

Die fenomenale groei van die Suid-Afrikaanse handel gedurende en na die Tweede Wêreldoorlog het 'n verandering in die internasionale omgewing gebring.

ONDERSKAT

Dit sal 'n groot fout wees om Suid-Afrika se rol in die wêreld te onderskat, het dr. Worrall gesê en beklemtoon dat die kleurprobleem nou baie moeiliker is as wat dit vyftig-sestig jaar gelede die geval was.

Die verandering van Suid-Afrika se uitwaarste beweging het 'n dinamiese gedaante van positiewe buitelandse beleid te voorskyn getree, as gevolg van drie fasette wat dit moontlik gemaak het, naamlik 'n meer bepaalde beleid as die een van ‚Art. 2 (7)' ook het Suid-Afrika nie sy eiers net in een maandjie gelos nie maar dit uitgesprei na Japan en die Verre Ooste ensovoorts en ook die totstandkoming van betrekkinge tussen die Republiek en Lesotho, Botswana en Malawi.

BEKENDSTEL

Die doel van die uitwaartse beweging is om Suid-Afrika aan die buitewêreld bekend te stel, het dr. Worrall gesê.

Die onderwerp het baie belangstelling by die aanwesiges gewek en baie vrae is aan dr. Worrall oor die onderwerp gestel.

Deur My Lens



Mnr. Piet Roodt, wat sedert die begin van die jaar die rubriek „Deur my Lens" in elke uitgawe van Die Wapad geskryf het. Mnr. Roodt tree nou uit as Reflector.

Foto: FOTOKUNS.



AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
BUIT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN
GESKENKE
POTTEBAKKERY
JUWELE
KOPERWARE
TOMSTRAAT 88B & C
FOON 5943, 3377

KOM BESOEK:
MIAMI
RESTAURANT
Kerkstraat 213,
Johan Dreyer-gebou.

GROSVENOR
MOTORS
Lombardst. 47, Kerkst. 69,
Telefoon 4351/2/3,
POTCHEFSTROOM.

GEMAGTIGDE
FORDHANDELAARS
ANGLIA — CORTINA
CORSAIR — ZEPHYR
ZODIAC — FAIRLANE
en
GALAXIE
Asook:
VESPA
LAMBRETTA
en
BROMPONIES

Vir al u
APTEKERS- EN
FOTOGRAFIESE
BENODIGDHEDE
Besoek:
APTEKERS
J. P. VAN DER
WALT
(EDMS.) BPK.
Kerkstraat 118,
Telefoon 3237,
POTCHEFSTROOM.

SKOENREPARASIES
en
FIETSREPARASIES
VIR FLINKE DIENS
kom na:
HUIS EN TUIN
(Langs Volkskas).

TRUST
APTEEK
TRUST BANK-SENTRUM,
TEL. 7116.
★ Geskenke
★ Pottebakkery
★ Fotografiese
★ benodigdhede.
Ons vriendelikheid en diens
is u waarborg.
AFLEWERING ORAL OP DIE
KAMPUS.

die WAPAD
DINSDAG 3 SEPTEMBER 1968

Die Verkiesing van More

More is die verkiesing vir die Pukke. Die Studenteraad vir die termyn 1968—69 moet gekies word.

Die stemreglyste lyk indrukwekkend en heel verteenwoordigend van die P.U.-massa. Dit is goed, want dit bewys dat 'n aansienlike gedeelte (relatief gesproke) van die massa nog betrek word by die bedrywigheid van die hoofliggame en dusdoende by die verkiesing van die Studenteraad en sy hoofbesture.

Die vraag bly egter: hoe gaan die stemtalle Woensdagaand vergelyk met die getalle op die stemreglyste? Gaan stempersentasies van onder sestig persent weer aan die orde van die dag wees? Sal dit weer nodig wees om name van verkose persone ter approbasie voor te hou omdat 'n kworum nie gestem het nie? Die gaan baie jammer wees as dit die geval gaan wees.

Sy naam op die stemreglys bied aan elke Puk die geleentheid om deel te hê aan die daarstelling van besture by wie se aktiwiteite hy intiem gemoeid is. 'n Versuim om daardie stem uit te bring toon onverskilligheid. (Dit is nogal snaaks om te hoor hoe kontant baie mense na verkiesings met hulle kritiek is, maar hoeveel van hierdie kritikasters het gestem? Of gaan more stem?)

Laat elke Puk se leuse more wees: Ek gaan stem omdat ek daarby betrokke is. En ons sorg vir stempersentasies van oor die negentig persent.

REDAKSIE

Hoofredakteur: Tom Larney.
Nuusredaktrise: Rika van Graan (Tel. 2069).
Nuusverslaggeefsters: Rika van der Walt, Elsabe Smuts, Ellen Botha, Winnie Venter.
Sportredakteur: Piet Coetzer (Tel. 2171).
Sportverslaggewers: Louis van Wijck, Danie Mostert.
Kunsredaktrise: Rinda van der Walt (Tel. 2069).
Tegniesebestuurder: Hans Grobler.
Advertensiebestuurder: Nic Lessing.
Sirkulasiebestuurders: Kobus du Plessis, Tinus Jacobsz.

J. A. VAN DER WALT & KIE
(EDMS.) BPK.
(Direkteure: J. A. van der Walt, P. G. van der Walt).
Boekhouers, Sekretarisse, Assuransie- en Belasting-adviseurs en Algemene Agente.
Vir puik gehalte tikwerk, afrolwerk en fotostatiese afdrukke van belangrike dokumente.
TELEFOON: Kantoor 5796, Woning 7326,
Posbus 913, Stadsentrum 118.

PARADISE
RESTAURANT
Dié kafee op Die Bult ...
dié kafee waar studente hul
koeldrankie drink,
EN SNOEKER SPEEL!
BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WELKOM.
Tomstraat 86 Tel. 5474

In U Lig

1 Petrus 4:16: ,,Maar wanneer iemand as 'n Christen ly, moet hy hom nie skaam nie, maar God verheerlik in **elke opsig.**''

Is u skaam om 'n Christen te wees? Of, is ons nie maar Christene omdat dit pas in ons omgewing nie? Ek is nie so seker of ons God in elke opsig verheerlik aan hierdie Christelike Universiteit nie. Dalk sal ons bespot wees as outyds, of as te konserwatief.

Wie waarlik die naam van Christus bely, aan hom stel die Woord van God eise! Al moet ons soms daaronder ly. Daarom is dit heeltemal natuurlik dat ons as studente van hierdie universiteit soms allerlei spot en vernedering moet verduur ter wille van ons karakter. Dink bv. net daaraan hoe Christus nie bespot is nie, en dit ter wille van ons sondige mense!

As ons nie skaam is vir die naam ,,Christen'' nie, waarom gebeur sulke dinge dan?

Dat ons op toere anders optree as hier.

Dat ons skaam is vir ons kleurbaadjie.

Dat ons nie tevrede is met ons Christelike karakter nie, omdat dit ons kortwiek in ons plesier en ontspanning.

Onthou die woorde van die apostel Petrus:

,,Omdat Christus dan vir ons gely het, moet julle jul ook wapen met dieselfde gedagte, dat wie na die vlees gely het, opgehou het met die sonde, om die orige tyd in die vlees nie meer volgens die begeerlikhede van die mense te leef nie, maar volgens die wil van God.''

,,As julle beledig word oor die naam van Christus, is julle gelukkig, omdat die Gees van die heerlikheid en van God op julle rus. Wat hulle betref, word Hy wel gelaster; maar wat julle betref, word Hy verheerlik''.

- Deur My Lens -

Die aap is nou uit die mou; die koeël is deur die kerk en die predikant is nie dood nie. (So hoop ek altans).

Ek skryf stadig en minsaam (heerlik ritmies op my pienk tikmasjien wat sulke mooi ronde letters tik) aan my laaste Deur my Lens. En dis nie sonder weemoed nie. Ek het nogal lief geraak vir hierdie Reflector-kêrel. Want sien hy was net 'n karakter. Soms was hy rebels, soms alleen, oms konserwatief en hy het 'n meisie gehad wat in die Kaap met haar mooi voete geloop het. Reflector het probeer repareer met die woord. Miskien was ek Reflector in die ware sin van die woord. Wie weet? Want waar loop die grense tussen die werklikheid en die verbeelding?

VRAE

Die redaksie het 'n paar vrae aan my gestel en ek beantwoord dit met groot graagte. Vooraf wil ek net waarsku dat sommige maar 'n paar ,,kollerige'' vrae is.

Vraag: Wat dink u van die studentelewe?

Antwoord: Die gees? Die gesindheid? Die organisasie? Die belangstelling daarin? Ek sal sê die organisasie en gees is goed. Die belangstelling is flou. Elkeen loop maar sy eie paadjie. Die woord organisasie skrik die mense af. Miskien het ons meer spontane dinge soos ,,Virusse'' nodig. Die hoofliggame moet ook meer aktueel word, selfs 'n klein bietjie omstrede.

MEISIE

Vraag: Bestaan die meisie in die Kaap werklik?

Antwoord: Sy is my droom en Reflector se meisie, as jy verstaan wat ek bedoel?

Vraag: Dink u dat mens ons studentelewe in Verligtes en Verkramptes kan indeel?

Antwoord: Heel waarskynlik, maar daai twee woorde gee my 'n pyn.

Vraag: Hoe sou u sê sal 'n verhoging in die prys van bier die volgende intervarsity se uitslag beïnvloed?

Antwoord: Ja . .

Vraag: Kan die inval in Tsjeggo-Slowakye enige invloed op ons verkiesing hê? Indien wel, hoedanig sou die invloed hom openbaar?

Antwoord: Ek dink ou Breyten sal van so 'n vraag hou. Heerlik-gek.

Vraag: Sou u sê dat u kritiek vanjaar op die studentelewe geregverdig was?

Antwoord: Ja, beslis. Elke samelewingsverband het sy klap aan dekadensie weg.

BETOGINGS

Vraag: Wat dink u van die ,,sit-ins'' en die betogings by twee Engelstalige universiteite?

Antwoord: Dit is vir my sinnelose happenings. Ek vind dit gaaf dat die regering hulle kortvat.

Vdaag: Wil u 'n toekomsblik waag op ons studentelewe?

Antwoord: Ek is geen profeet nie. Maar ek sou sê dat sentralisasie altyd die wagwoord moet wees. Geen stelsel is ooit volmaak nie; trouens dit is altyd relatief en voorlopig. Mens moet gedurig inventaris hou en waak teen verstarring. Daarby moet desentralisasie tot sy uiterste konsekwensie deurgevoer word. Die onderskeiding van belangstellingsfere klink goed. Maar binne dit is daar nog groot ruimte vir verbetering en uitbouing.

Tot sover die vrae. Slotwoorde het ek nie. Daarom net 'n doodgewone au revoir, aan 'n droom, 'n mite, 'n-manier-van-lewe en aan u almal.

Piet Roodt.

VERKIESING: Besonderhede en Kandidate

Die verkiesing van die Studenteraad en die verskillende hoofbesture vind more (Woensdag 4 September) plaas. Drie verteenwoordigers moet vir elkeen van die hoofliggame verkies word, asook 'n Studenteraadsvoorsitter. Onderstaande is die besonderhede in verband met die verkiesing.

WIE KAN STEM?

In die geval van Korps, A.B.K.K.,S.S.B. en P.N.B. kan alle persone wie se name op die betrokke hoofliggaam se stemreglys verskyn, sy stem uitbring vir Studenteraadsverteenwoordigers en bestuurslede vir die betrokke liggaam. In die geval van die Studenteraadsvoorsitter en die A.O.B. is enige persoon wat stemreg het vir een van die ander hoofliggame stemgeregtig.

WAAR U KAN STEM

Die verkiesing vind plaas in die Totiussaal. Die stembriewe vir die onderskeie liggame sal by verskillende tafels beskikbaar wees en sal verskil in kleur. Die stemming vir die studenteraadslede en bestuurslede vind aan verskillende kante van die saal plaas. Stemgeregtigde studente kan hulle stemme tussen 8 vm. en 6 nm. uitbring.


HOE U MOET STEM

Geen stemme word deur middel van kruisies uitgebring nie, maar wel deur middel van syfers. In alle gevalle word die syfer 1 aangebring agter soveel kandidate as wat verkies moet word, en word die res van die kandidate vanaf 2 in volgorde van voorkeur genommer. As drie Studenteraadsverteenwoordigers vir die S.S.B. byvoorbeeld verkies moet word, maak u die syfer 1 agter die name van die drie kandidate wat u verkies en nommer die ses ander kandidate in orde van voorkeur. In die geval van die Studenteraadsvoorsitter, maak u 'n 1 agter die naam van u keuse, 'n 2 agter u tweede keuse en 'n drie agter u derde keuse. Stembriefies wat nie op hierdie manier voltooi is nie, sal as bedorwe beskou word.

Onderstaande is die nege en twintig kandidate wat verkiesbaar is vir die sestien poste op die Studenteraad wat tydens die verkiesing gevul moet word. Die kandidate verskyn in alfabetiese volgorde onder die onderskeie poste waarvoor hulle staan.

S.R.-voorsitter

A.1.
C. F. C. (Callie) COETZEE.
1964.
Th. B. II.



A.S.B.-Bestuur (1965-67).
Huiskomitee Over de Voor (1967-68).
A.S.B.-Hoofbestuur (1968).
Studenteraad (1967-68).
P.N.B. (Voorsitter 1968).

Om in enkele woorde 'n „beleidsverklaring" te maak, is uit die aard van die saak onmoontlik. Daarom net dit: Sover dit in my menslike vermoë is, sal ek probeer om dienS te lewer waar dit van my verlang sou word. As ek die term „beleid" reg verstaan, kom dit neer op die toepassing van beginsels in die praktyk van die lewe. Die beginsels waarvandaan ek probeer uitgaan in alles wat ek doen, is die beginsels van die Calvinisme, geneem uit die Woord van God. Daarom sal my „beleid" neerkom op die toepassing van hierdie beginsels.

A.2.
J. A. KRUGER.
1963.
Honns. B.A.
Th.B. II.



Ontspanningskomitee (Voorsitter 1965-66).
A.B.K.K. (1965-68. Voorsitter 1967-68).
Kommissie van ondersoek na die verhouding S.R.-Massa (1967).
Studenteraad (1968).
A.S.B.-Hoofbestuur (1968).

Die vinnige uitbreiding van die Universiteit stel groot vereistes aan die beplanning en organisasie van die studentelewe. Die basiese behoefte op hierdie stadium is groter deelname aan georganiseerde studente-aktiwiteite, wat opsigself vernuwing nodig het.

Groter deelname kan verkry word deur:

1. Die inskakeling van die akademiese verenigings by die Studenteraad en verteenwoordig op die Studenteraad;
2. meer geleenthede daar te stel waarby meer studente vryelik kan deel hê op 'n patroon waarby VIRUS baanbrekerswerk verrig het;
3. 'n sisteem in ons studentegemeenskap waar elke koshuis en die dorptudente 'n eie bydrae op elke vlak van die studentelewe kan lewer.

Daarbenewens is 'n herwaardering van die verhouding tussen die Studenteraad en die Raad van die P.U. vir C.H.O. noodsaaklik ten einde wrywingspunte wat daar mag wees, uit te skakel.

A.3.
C. J. (Neels) SMIT.
1965.
Th.B. I.



Wapadredaksie (1966-67).
Besembosredaksie (1966-67).
Hoofredakteur (1967).
Atletiekbestuur (1967).
Studenteraad (1968).

Ons, in hierdie studentegemeenskap, moet die beginsels wat ons onderskryf ook in ons studentelewe ten volle handhaaf.

X Hoofliggame moenie bloot op tradisie steun nie; dit moet beantwoord aan die else wat ons studentegemeenskap stel.

X Elke Puk moet die geleentheid kry vir volle deelname aan die studentelewe. Akademiese verenigings en koshuise moet 'n belangriker plek beklee.

X Oorspronklikheid, insiatief en die belangstellings wat ele is aan die student moet ten volle ontplooi word — daarvoor moet elke geleentheid uitgebuit word.


Per slot van sake is elke student 'n deelnemer en nie 'n toeskouer nie.

Korps V.V.

B.1.
R. G. (Roelie) AUCAMP.
1964.
Th.B. II.




B.2.
J. C. (Jan) ERASMUS.
1965.
Th.B. I.




Korps V.V. (1966-68).

B.3.
T. (Tom) LARNEY.
1966.
B.A. III.



Korps. V.V. (1967-68).
Besembosredaksie (1967-68).
Wapadredaksie (1967-68. Hoofredakteur 1968).


B.4.
S. J. (Kobus) VAN DER WALT.
1967.
B.A. II.



Korps V.V. (1968).
A.O.B. (1968).

GISELA MAIWALD
Fotograaf en Fotografiese dienste.
TOMSTRAAT 100
POTCHEFSTROOM

B.5.
D. J. (Dawie) VILJOEN.
1965.
Ll.B. I.




Korps V.V. (1966-68).
Ekon. Vereniging (Voorsitter 1967).
Volkspelebestuur (1967).
Dorpstudentebestuur (1968).

P.N.B.

C.1.
R. G. (Roelie) AUCAMP.
Sien B.1.

C.2.
H. S. (Fanie) COETZEE.
1966.
B.A. III.
A.B.K.K. (1967-68).
Pukkieredaksie (1967-68. Hoofredakteur 1968).
Thaliabestuur (1967-68. Toerleier 1968).
A.S.B.-Komitee (1967).
P.N.B. (1968).

C.3.
T. J. (Johan) KRUGER.
1966.
B. Jur. et Art. III.



P.N.B. (1968).
A.O.B. (1968).
Huiskomitee Over de Voor (1968).
Voorsitter Karnavalkomitee (1968).
Besembosredaksie (1967).
Alabamabestuur (1968).

KANDIDATE

P.N.B. (vervolg)

C.4.
T. (Tom) LARNEY.
Sien B.3.

C.5.
F. (Francois) VENTER.
1966.
B. Jur. et Comm. III.




P.N.B. (1968).
A.S.B.-Hoofbestuur (1968).
Administrateur VIRUS (1968).

A.B.K.K.

D.1.
H. S. (Fanie) COETZEE.
Sien C.2.

D.2.
D. J. (Kobus) DU PLESSIS.
1967.
B. Comm. II.



A.B.K.K. (1968).
Volkspelebestuur (1968).
Pukkieredaksie (1968-69).
Wapadredaksie (1968).
Dagstudentebestuur (1968).
Debatsbestuur (1967).

D.3.
G. L. (Gerrit) GROBLER.
1966.
B. Jur. et Art. III.



Alabamabestuur (1967-68).
VIRUS (1968).

D.4.
N. J. (Hans) GROBLER.
1966.
B.A. II.
Thaliabestuur (1968).
Wapadredaksie (1967-68).
Pukkieredaksie (1968).



D.5.
E. F. (Engela) MALHERBE.
1966.
B.Sc. III.



A.O.B. (1968).
Alabamabestuur (1968).
Huiskomitee Kulu (1968).

D.6.
A. E. (Alida) REYNEKE.
1967.
B. Comm. II.



A.B.K.K. (1968).
Ekonomiese Vereniging (1968).

D.7.
J. A. (Johan) SCHUTTE.
1966.
B. Jur. et Comm. III.



Volkspelelaer (1967-68. Voorsitter 1967-68).
A.B.K.K. (1966-67).
VIRUS (1968).

S.S.B.

E.1.
H. C. (Carené) LUBBE.
1966.
B.A. III.



Gimnastiekbestuur (1967-68. Kapteine 1968).
Geskiedenisvereniging (1967-68).

E.2.
B. E. (Bea) MARAIS.
1967.
B.A. II.



Atletiekbestuur (1968).

E.3.
G. (George) MüLDNER.
1965.
Honns. B. Comm.




Atletiekbestuur (1967-68).
Landloop (Kaptein 1967).

E.4.
D. (Danette) NIEHAUS.
1966.
B. Sc. III.




Pluimbal (Kapteine 1968).

E.5.
F. (Ferdie) POSTMA.
1965.
Th. B. I.




A.S.B.-Komitee (1966-67).
P.N.B. (1968).
Besembosredaksie (1968).

E.6.
E. (Bertie) PRETORIUS.
1966.
B.A. III.



Judoklub (1966-68. Kaptein 1968).
S.S.B. (1968).

E.7.
J. (Janis) SCHOTEMEIJER.
1966.
B. Comm. III.



Tafeltennisbestuur (1966-68. Voorsitter 1968).


E.8.
A. (Anna) VENTER.
1967.
U.L.O.D. II.



Hokkie (Kapteine 1968).

A.O.B.

F.1.
A. (Arie) GEERTSEMA.
1966.
B. Sc. (Ind. Chem.) III.



Manshokkiebestuur (1967-68).
Bestuur VICS (1968).
Huiskomitee Liberalia (1968).

F.2.
T. J. (Johan) KRUGER.
Sien C.3.

F.3.
E. F. (Engela) MALHERBE.
Sien D.5.

F.4.
C. J. (Neels) SMIT.
Sien A.3.


F.5.
S. J. (Kobus) VAN DER WALT.
Sien B.4.

F.6.
J. L. (Jan) VENTER.
1966.
B.A. III.



A.O.B. (1968).
Korps V.V. (1968).

F.7.
L. I. (Louis) VORSTER.
1966.
B. Jur. et Art. III.



A.O.B. (1968).
Pukkieredaksie (1967-68).
Regsvereniging (1968).

PUKKE GELYKOP TEEN WESTELIKES

Die eerste span het Woensdagaand daarin geslaag om gelykop te speel teen die sterk span van Westelikes. Die telling was drie punte elk.

Die voorspelers het in die vasteskrums en die lynstane seker hulle gelukkigste wedstryd tot dusver gehad. Van losspel was daar nie veel sprake nie.

Ferdinand Postma het hom bewys as een van die beste hakers in Wes-Transvaal. Westelikes kon slegs daarin slaag om 'n paar van hulle eie loskoppe te wen.

OORSKADU

Piet Brand het in die lynstane sy kleinboet oorskadu en gesorg dat die Pukke met meeste van die balle bedien word.

Met al hierdie voordeel kon die agterlyn egter niks regkry en het die senters veels te veel skuins gehardloop. Die enigste punte wat aangeteken is, het gekom van 'n opportunistiese drie deur Gert Lategan, wat die bal vanaf 'n strafskop wat teen die pale vas geskop is en toe veldin gewip het, opgeraap en gaan druk het.

As die Pukke van hulle kanse gebruik gemaak het, kon hulle die wedstryd in hulle guns beklink het.

GELYKOP

Die tweede span het ook gelykop gespeel met 5 punte elk en die derdespan wedstryd is gewen deur Liberalia met 19—3.

Die Pukke is nou die voorlopers in die tweede en derdeliga. Met hierdie goeie basis kan dit beteken dat die Pukke dalk volgende jaar 'n bul eerstespan in die veld kan stoot.



Uhuru manne . . .! Slepers, gekysdes, getroudes, verlorenes, hoe gaan dit met my ou vrinne daar op die rustige en vreetsame ou Puk-kampus?

Ja, my lysie is hierdie week maar kort want julle aartsvyand en snuffelaar sit ongedeerd hier in Tsjeggo-Slowakye, gelukkig of ongelukkig vir julle!!!

My neus is so lank soos die lang arm van die gereg . . . of wat praat ek alles? Glo dit of nie maar ek het Dirk Wynbeeck hier raak geloop, die kêrel was net hard op soek na 'n blink klippie . . . soos hy sê Nelrita Schutte het volstrek geweier om langer uitstel sonder rente te gee. Ek dink ek sal vir Jan-Karel ook moet sê hoe Dirk die reggekry het . . . of moet Nelrita dalk vir Monica iets in die oor fluister?

INKATROL

Kobus du Plessis word ook stadig maar seker inkatrol, maar kom telkens los met die verskoning dat: voor in die Wapad brand 'n lig. Die jare het op Esmarie Steenkamp ook sy merk gelaat — reken drie jaar tussen haar en Hennie Maartens is nie te versmaai nie — die Jakkarandastad roep!

Elsa van Heerden vertel dat die kragtige Dawid Booysen met 'n meer kragtige hand van die liefdesband vasknoop; ek hoop dit sal van blywende aard wees. In 'n onderhoud met radio U.D.I. het mnr. Tinus Cilliers verklaar dat Corlia van Loggerenberg 'n groot vis aan die hoek het . . . ha, ha! 'n Ditsie of 'n Datsie . . . . van Lutterveld (of ek weet nie wat nie), het glo haar visier op 'n sekere Andries van Makouvlei . . . ? Ilse Underhay het glo 'n genant in haar Andrhay gevind.

WEDLOOP

Wat Johan van Heerden aanbetref. . . . hy het Annelie Gildenhuys in die wedloop lelik op haar neus laat kyk, hy is vinniger as blits op 'n piesangskil. Anita Vorster kan getuig dat George Pearson nie net kan drieë druk teen Noord-Transvaal nie . . . toemaar ek sal nie verder gaan nie! So van vinnige manne gepraat, vra maar vir Cecile Hölcher wie van sy of Gert Lategan het die handdoek ingegooi?

Dit is groetnis en alle beterskap met die sleepaksies van julle geheime radio-omroeper U.D.I. uit Randsgate wat julle alle heil en seën toewens tot ek weer terug is op veilige aarde!!!

Kompetisie vir Liedjies

Stel 'n nuwe Sangbundel saam. Dit is die woorde wat algemeen geuiter is met Intervarsity. Net sekere liedjies is gesing met Sing-Songs en Intervarsity. Die feit dat daar net altyd 'n paar liedjies gesing is, het die lus gedemp om op volle bors uiting te gee aan hierdie heerlke dag.

Nou Pukke, het dit tyd geword vir die samestelling van 'n nuwe Sangbundel. Die sukses hiervan gaan afhang van die insiatief wat elke Puk aan die dag lê.

PRYSE

Die A.O.B. het besluit om pryse uit te loof in 'n wedstryd wat heelwat belangstelling mag uitlok. Al wat u moet doen is om te gaan diep dink en liedjies te skryf. Die skryf van woorde met die musiek van die nuutste trefferliedjies kan gebruik word, terwyl nuwe komposisies welkom is.

Deur die beste te lewer kan u en u sleep die res van die jaar sonder enige finansiële probleme gaan fliek aangesien die eerste prys R10 is, die tweede R5, die derde R3 en dan is daar 7 troospryse van R1 elk.

Pukke. dit is vir u Alma Mater wat u dit sal doen. Ons vertrou op u samewerking soos net 'n Puk dit maar kan doen.

Sluitingsdatum vir hierdie wedstryd is 20 September en liedjies kan in die A.O.B.-bussie geplaas word.

CHRISTO PIEK.

SOLDATE LEER FRANS OP P.U.

Militêre Frans . . . wat is dit? Nog nooit daarvan gehoor nie . . !Dit is 'n kursus in militêre Frans en word aan die P.U. vir C.H.O. vir militêre kwekelinge aangebied, weens die militêre samewerking tussen Frankryk en Suid-Afrika.

Die Franse wapen wat deur Suid-Afrika aangekoop word se instruksies word in frans aangegee en noodsaak dus die kursus.

TOESTEMMING

Daar is spesiale toestemming van die Militêre Attache by die Franse Ambasade in Pretoria verkry om die belangrikste deel uit die kursus vir Franse offiiere te laat afdruk. Dit is die sogenaamde „Certificat interarms."

Nadruk word gelê op gegewens oor nuwe wapens, oor nuwe krygskuns en die vakterme daarvan en oor die nuwe sosiale en morele aspekte van die georganiseerde Franse leër.

'n Baie belangrike en interessante onderdeel van die kursus is die bestudering van guerilla oorlogvoering wat aangevul word met prente en sketse oor die betrokke onderwerp.

TEGNIEK

Die tegniek van guerilla- en teen-guerilla oorlogvoering word in die kursus baseer op oorlogwedervaringe in Indo-China en Noord-Afrika.

Gedurende 1967 het veertien offisiere die kursus gevolg en agt het die getuigskrif verwerf.

Die doel van hierdie eenjarige kursus is om offisiere wat na Frankryk wil gaan vir verdere ondervinding die nodige militêre voorbereiding te gee, en om sodoende die hantering van diesulkes te vergemaklik.

Koshuisliga

Die koshuisrugbyliga is nou in sy doodsnikke en op Saterdag 7 September word die groot slag van die jaar gelewer. Hierdie wedstryd tussen Liberalia en Dorp se A-spanne gaan bepaal wie die liga wen.

Dorp het een gelykop-wedstryd teen Makouvlei op hulle kerfstok en dit is verantwoordelik vir die feit dat Liberalia hulle tans met een punt voor is op die puntelys. 'n Wen sal egter aan die betrokke span twee punte besorg.

Beide die spanne het besonder mooi rugby gespeel in die afgelope seisoen en die wedstryd van die 7de beloof om rugby uit die boonste rakke te lewer.

Malherbe kry erepenning

Die F.A.K. se erepenning vir volksdiens is onlangs in die Odeon by die Vrystaatse Universiteit in Bloemfontein aan prof. D. F. Malherbe toegeken.

Die penning is deur mnr. C. R. Swart gewese Staatspresident van Suid-Afrika ,oorhandig.

Geklassifiseerde Advertensies

ADVERTENSIEBURO
Studenteraadskantoor
P.U. vir C.H.O.

TE KOOP

NATIONAL RQ-102s Bandopnemer teen R30. Ses maande oud en in uitstekende toestand. Kos nuut R69.50. Werk met beide batterye en wisselstroom. Navrae by Tom Larney, Over de Voor 103.

J. HEIDEMA
vir
FIETSE
en vakkundige
Herstelwerk
—
Opberging
van fietse gedurende vakansies.
Kerkstraat 48 — Tel. 5319

Met komplimente van
AJAX
(Edms.) Bpk.
BOEKE —
SKRYFBEHOEFTES

INSLEEP!
WAARHEEN ALMAL SLEEP
Koshuisbestellings: 6039

na aksie.. satisfaksie



vol–ja smaakvol



Dit is die snit wat tel . . .
★ Alba Broeke
★ Mentone Pakke
★ Monatic Hemde
★ Battersby Hoede
★ Gregory Sokkies
J. TOD SUTTIE
Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars
Posbus 219 — Tel. 3411
Kerkstraat 177
POTCHEFSTROOM

GHO FSPELERS TRAP R.A.U.

Geskiedenis is op Saterdag 16 Augustus gemaak toe die gholfspanne van die Puk en die Randse Afrikaanse Universiteit vir die eerste keer kragte gemeet het. Die botsing het tussen spanne van sewe spelers elk plaasgevind op die baan van die Potchefstroomse Buiteklub.

Alhoewel die ongure weersomstandighede 'n sigbare effek op die spelstandaard gehad het, is die geesdrif vir die kompetisie, wat op 'n indiwiduele putjiespelbasis oor agtien putjies beslis is, nie gedemp nie.


SKOONSKIP

Die Pukspan het hom nie veel gesteur aan die feit dat dit 'n vriendskaplike byeenkoms was nie en het skoonskip gemaak. Hierdie uitslag was te verwagte aangesien die Puk oor 'n aantal ervare gholfspelers beskik het in die persone van André Sciocatti, Anton Dreyer, Pieter Bierman en Barry de Lange.

Die oorwinning met die meeste meriete was waarskynlik die van Sciocatti oor Van Niekerk. Laasgenoemde is 'n gesoute ligaspeler in Johannesburg. Sciocatti, 'n kranige jong speler met 'n mooi, vloeiende styl, het egter 'n voorsprong geniet vanweë sy meerdere kennis van die plaaslike baan. Hy het die stryd in sy guns beklink deur 'n twaalf voet sethou in te rol op die kort, syfer drie, sewentiende putjie en sodoende sy opponent te klop met 2 en 1.

UITSLAE

Ander uitslae is: Dreyer klop Van Zyl (4 en 3); Bierman klop Le Roux (5 en 4); De Lange klop P. Swart (7en 6); Meiring klop Conradie (5 en 4); Du Plessis klop Van der Westhuizen (9 en 8) en N. Swart klop Henning (9 en 8). Pukspelers eerste genoem.



Pieter Bierman dryf van die eerste bof af in sy wedstryd teen Le Roux van die Randse Afrikaanse Universiteit. Foto: TIENIE PRINSLOO.

FIETSJAERS GESOEK

Die Wes-Transvaalse Fietsryunie het Die Wapad versoek om dit onder die Pukke se aandag te bring dat hulle baie welkom is om by die klubs van die unie aan te sluit en aan sy kompetisies deel te neem. Navrae kan gerig word aan mnr. J. C. Boardman, by telefoon 7334 na-ure.

Eerskomende Saterdag om 2.30 nm. word 'n vyftig kilometerwedren op die Ventersdorppad gehou. Deelnemers spring weg by die monument by die ingang van die militêre kamp.

SUKSESVOLE SEISOEN AGTER DIE RUG VIR TAFELTENNIS

Michael Symonds, 'n tafeltennisspeler van internasionale faam, het die P.U. op Vrydag 30 Augustus besoek. Symonds wat van Britse afkoms is, het nie net teen die 5 beste Wes-Transvaalse spelers gespeel nie, maar ook afrigting gedoen.

Op die onlangse Wes-Transvaalse kampioenskap het die Pukke besonder goed gevaar. Die eerste mansspan is na die S.A.-kampioenskappe genooi as verteenwoordigers van Wes-Transvaal. Hierdie Wes-Transvaal kampioenskappe is te Discovery gehou.

GOED GEVAAR

Met die seisoen agter die rug kan die Pukke met tevredenheid terugkyk. Die eerste mansspan het derde geëindig in die Premiersliga terwyl die eerste damesspan ook besonder goed gevaar het. Die dames het o.a. die span van Pote 8—2 gewen. Dit is 'n goeie prestasie veral as in ag geneem word dat twee lede van die Puk se span eers aan die begin van die jaar begin speel het.

PRESTEER

In die tweede mansspan het veral die spel van P. Kruger besonder verbeter in die loop van die jaar. Hy het dan ook mooi presteer op die Wes-Transvaalse kampioenskappe. 'n Ander lid van die span, S. Loots, het ook getoon dat daar nog veel van hom verwag kan word in die toekoms. Loots het o.a. in 'n wedstryd teen die eerste span van Pote al drie sy wedstryde gewen. In die wedstryd het die tweede span van die P.U. met 7—3 gewen.

Die Wapad word gedruk deur Enslins die Drukkers, Potgieterstraat 31, Potchefstroom, vir die uitgewers, die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O.

Cachet Modes


(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 Telefoon 5032

POTCHEFSTROOM

— Ons hou alles aan wat dames benodig —

Nuwe voorrade van rokke en nogwat word gedurig uitgestal.



NEE, NEE, KOEKEMOER! MOENIE JOU STUDIES ONDERBREEK NIE!

Ek verseker jou jy moet vir *geen* oomblik aan geld dink nie. Dis bloot ondergeskik, ou kêrel. 'n Spaarrekening by die Standard sorg vir *alles*. Jy trek rente sonder om van jou boeke af op te kyk. En moenie dink hulle gaan jou skeef aankyk net omdat jou rekening klein is nie. Inteendeel—selfs *ek* was puik ontvang toe ek nog 'n lektor se salaris gekry het. En vandag? So tussen ons gesê, my spaargeldjies lyk danig aantreklik—veral met die oog op my aftrede volgende jaar. En weet jy, my vrou sal nie skroom om aan jou te sê dat ek dit nooit op my eie manier sou kon behartig het nie. Volg my voorbeeld, man. Bank jou geld by die Standard—en pak die belangrike dinge van die lewe met 'n geruste hart aan.

Op die Standard kan u staatmaak

DIE STANDARD BANK VAN SUID-AFRIKA BEPERK
(Geregistreerde Handelsbank)
Meer as 800 kantore dwarsdeur die Republiek en S.W.A.

LINDEQUE
Skoenreparasies
— Octron-gebou —
Twee depots op Bult:
BULT DROOGSKOONMAKERS
WESTVAAL DROOGSKOONMAKERS
Spesiale pryse vir studente.
Aflewering op die Kampus.

BOUQUET
BLOEMISTE,
STADSENTRUM.
Tel. 6575.

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."

Turkstra

te kry by u kafeteria.

PRO REGE-PERS BPK.

bied u die geleentheid van die jaar.

Fantastiese afslag op:
★ STUDIEBOEKE
★ BOEKE VIR ONTSPANNING

50% vir verkope op rekening
PLUS
'n verdere 10% vir Kontant.

Tomstraat, Telefoon 3421,
POTCHEFSTROOM.